WAT SÊ DIE BYBEL OOR: STAKINGS & PROTES

—deur Peter Hammond

Wanneer kan ons betoog?

Tyd om jou stem te laat hoor

"Ligsinnige mense kan 'n hele stad op hol jaag; wyse mense laat die gemoedere bedaar." Spr 29:8

Ons moet vredemakers wees

Staking word nie verskoon nie...

Dit is onaanvaarbaar om te probeer om stakings, sabotasie, brandstigting, verwoesting van eiendom, oproer en geweld te regverdig deur na Christus se rol as bevryder te verwys. Om Christus se rol regmatig na te volg, sal 'n groter insig in en mate van liefde verg – 'n hervorming of wedergeboorte. Rewolusies vernietig die gemeenskap en maak mense dood. Jesus het die ingesteldheid van mense verander en waar Hy ookal gegaan het, nuwe lewe aan individue gegee. Wat ons in Suid-Afrika nodig het, is beslis nie die teologie van rewolusie, wat geweld aanwakker nie, maar wel 'n teologie van vrede – en Sy naam is Jesus Christus!

Hoe behoort mense te reageer?

"Julle moet die regering gehoorsaam, want God het dit daar geplaas. Geen regering bestaan buite God se toedoen nie. Dit impliseer dat hulle wat weier om die owerheid te gehoorsaam, hulle teen die instelling van God verset. Diegene wat dit doen, bring 'n oordeel oor hulleself. Mense wat reg optree, hoef nie vir die owerheid bang te wees nie – die kwaaddoeners wel...wees aan die regering gehoorsaam en wel om twee redes: nie nét om straf te vermy nie, maar ook ter wille van 'n skoon gewete." **Rom 13:1-5**

Wat moet mense doen wat onregverdig behandel is?

"Ek het gesoek na iemand wat die muur kon herbou, na iemand wat voor My in die gaping in die muur kon staan sodat Ek nie die land hoef te vernietig nie, maar Ek het niemand gekry nie." Eseg 22:30.

Die Here Jesus het geleer dat ons sonder ophou oor alles moet bid. In die gelykenis oor die weduwee wat voortdurend gevra het, het Hy geleer dat selfs 'n onregverdige regter sal doen wat reg is (Luk 18:1-5). God hoor en verhoor ons gebede. Regeringsamptenare reageer op druk. Die meeste politici is geneig om nie die lig te sien voordat hulle nie met die hitte gekonfronteer is nie! Ons is óf besig om te bid, óf ons het moed opgegee. Indien ons moed opgegee het, is dit waarskynlik omdat ons nagelaat het om te bid. Ons behoort ingelig, betrokke en biddend te wees. Gebed is die grondslag van enige aksie! *"Julle is die sout van die aarde...julle is die lig van die wêreld...Julle moet so voorbeeldig lewe dat ...mense dit sien en julle Hemelse Vader daarvoor prys!"* Matt 5:13-16.

Geweldddadige rewolusie is baie beslis verbode. "Herinner die mense om hulle aan die regeerders en gesagsinstansies te onderwerp...en altyd gereed om te doen wat goed is." Tit 3:1.

Christen-protes het 'n plek

"Wie beskerm my teen goddeloses? Wie staan by my teen boosdoeners?" Ps 94:16. Sommige kyk net toe hoé dinge gebeur en ander láát dinge gebeur. En nóg ander het nie die vaagste benul wát gebeur het nie!

As ambassadeurs van Jesus Christus behoort ons sout en lig in die gemeenskap te wees – sout bewaar (morele waardes) en lig bring hoop en die waarheid van Jesus Christus wat die duisternis en boosheid verdryf.

"As 'n mens weet wat reg is en dit nie doen nie, is dit sonde." Jak 4:17

'n Storie oor vier mense:

Almal, Iemand, Enigiemand en Niemand. Daar was 'n belangrike werk wat gedoen moes word en Almal was seker Iemand sou dit doen. Enigiemand kon dit doen, maar Niemand het dit gedoen nie. Iemand het kwaad geword omdat dit eintlik Almal se werk was. Almal het gedink Enigiemand kon dit doen, maar Niemand het besef dat Almal dit nie sou doen nie. Uiteindelik het Almal vir Iemand blameer toe Niemand die werk gedoen het wat Enigiemand kon gedoen het nie.

Staan op vir Christelike vryhede, maar doen dit biddend, met wysheid, nederigheid en orde

Slegs as die staat ongehoorsaamheid aan Christus verbied, mag ons saam met die Apostels verklaar: *"Ons moet eerder aan God gehoorsaam wees as aan mense."* Hand 5:29. Wanneer die staat gebed tot God verbied (Dan 6:6-13), evangelisasie verbied (Hand 5:40-42), of ons beveel om valse gode te aanbid (Dan 3: 12-18), dan moet ons sê: *"Dink julle God wil hê dat ons eerder aan júlle gehoorsaam moet wees as aan Hom?"* Hand 4:19.

Met die uitsondering van aanbidding en evangelisasie, word Christene dus beveel *"...omdat die Here dit so wil hê, moet julle alle gesag aanvaar – die koning as staatshoof en die amptenare wat die koning benoem het. Die koning het 'n mandaat aan hulle gegee om die wat kwaad doen, te straf, maar erkenning te gee aan dié wat goeddoen."* 1 Pet 2:13-14. ■

Aborsie STOP

'n Hart Wat Klop